

Gereformeerde Kerk Bellville – 21 Februarie 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 67:1, 2 (p. 326)

- 1 Wees ons, o HEER, wees ons genadig / en seën ons by owerloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig / ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke / deur ontslote wolke / kennislig kan breek;
nasies met verblyding / van die blye tyding / in hul land kan spreek!
- 2 Die nasies wat U nou nie prys nie, / hul sal U loof, hul almal saam.
Die volk wat U geen dank bewys nie, / sal sing die grootheid van u Naam.
U, hul loflied waardig, oordeel hul regvaardig, / U wat nasies lei.
Lande vergeleë / juig oor verre seë, / in u goedheid bly.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 33:1, 6, 11 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 6 Die Heer se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié Heer húl Heer is / en dié God húl God.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Gebed

Psalm 2:1, 6 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrottes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: “Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!”
- 6 Kom, dien die Heer en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die Heer,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul Heer, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Skriflesing: Matteus 16:13-20

Kernverse: Matteus 16:13-17

En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?

En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete.

Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek?

En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.

(Matteus 16:13-17 AFR53)

Tema: Wie is Jesus vir jou?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in die kerklike jaar staan die ses weke voor Goeie Vrydag, wat vanjaar op 25 Maart val, bekend as die lydensweke van ons Here Jesus. Dit was in hierdie weke wat die kruis al duideliker en onvermydeliker geword het vir ons Here Jesus. Om hierdie rede staan ons vanaand stil by een van die baie momente in die weke voor Jesus se kruisiging.

’n Tweede rede waarom ons vanaand by hierdie Skrifgedeelte stilstaan hou verband met die plek waar Jesus met sy dissipels was. Na ’n tyd waarin Jesus en sy dissipels vir ’n geruime tyd tussen mense gewerk het, lei Jesus hulle ver na die noorde toe, sowat veertig kilometer noordoos van die See van Galilea. Jesus wil nou alleen met sy dissipels wees en Hy bring hulle in die streke van Cesarea-Filippi. Herodes Filippus het die plek so genoem ter ere van die keiser van Rome. Daarom was daar ’n tempel gebou waar die keiser aanbid is. En in die stad is die afgod Pan ook aanbid. Hieruit is dit duidelik dat daar nogal geestelike verskeidenheid en miskien ook verwarring onder die bevolking was. Daar is so baie gode, wie moet nou eintlik aanbid word?

In ons land geniet ons nog godsdienstvryheid. Vir ons Christene is dit voordelig. Ons kan in vryheid bymekaarkom in eredienste en Bybelstudies. Maar daar is ook ’n nadeel daaraan verbonde. Die regering van ons land beskou alle godsdienste as gelyk, daarom kan ’n mens begryp dat hulle al die ander gode somer gelykstel aan die een ware God van hemel en aarde. Ons wat egter deur die Heilige Gees al onderrig is met die Woord van die Here weet dat alle gode nie gelykgestel kan word aan die lewende God nie. Maar dit beteken nie dat dit vir Christene nou makliker is om te onderskei nie.

Vroeër jare was daar daar net drie kerke aan die Afrikaanssprekendes bekend – die Gereformeerde, die NG en die Hervormde Kerk. Deesdae kry jy bykans op elke hoek ’n groep mense wat hulleself kerk noem. Baie van hulle adverteer dat hulle Jesus Christus verkondig. Baie van hierdie groepe wat hulleself kerk noem, trek skares mense en dan begin mens wonder hoekom lyk ons eredienste so klein. Hoekom vertrap mense mekaar nie om in ’n erediens te wees waar die Jesus Christus verkondig word wat Homself in sy Woord openbaar nie? Dit is oor hierdie verwarring oor die verkondiging van Jesus dat ons vanaand na hierdie Skrifgedeelte luister.

Broers, susters en kinders, ons is vanaand getuies wanneer jong lidmate van Christus hulle geloof in Hom openlik gaan bely. Julle jongmense neem nou self die verantwoordelikheid op julle wat sedert julle doop julle ouers se verantwoordelikheid was. Julle betree ’n wêreld waar baie mense oor Jesus praat. Julle is ook gestuurdes van Jesus en julle moet ook oor Hom gaan praat. Elke ware gelowige moet vir homself uitmaak wie Jesus regtig is van wie hulle gaan vertel. Almal wat van Jesus praat, sê nie dieselfde ding nie, en praat ook nie noodwendig die waarheid nie. Mense kan selfs die mooiste dinge oor Jesus sê, maar dit sal ook nie altyd die regte ding wees wat hulle sê nie.

Die eerste ding wat Jesus van sy dissipels wil weet, is wat mense van Hom dink.

Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? (Matteus 16:13 AFR53)

Jesus is inderdaad die Seun van God, maar Hy het Homself die meeste van die tyd *Seun van die mens* genoem. Hy is die Seun van God wat ware mens geword het, 'n mens soos ek en jy. Mense wil graag met die hoogste en mooiste naam of titel aangespreek word. Jy moenie sommer vir 'n professor oom sê nie. Hy is darem geleerd en hy wil graag op sy geleerde naam aangespreek word. Jesus het Homself leeggemaak en verneder. Hy verkies om Seun van die mens genoem te word. *Seun van die mens* beteken eintlik maar net *mens*.

God het Esegiël ook aangespreek as seun van die mens of mensekind. Met hierdie naam het die Here vir Esegiël heelyd laat onthou dat hy nederig moet bly. Hy is net 'n dienskneg van God wat die Woord van die Here moet verkondig. Jesus noem Homself Seun van die mens om daarmee uit te druk dat Hy nederig is. Hy het Homself nooit belangriker as iemand anders beskou nie, alhoewel Hy die heel belangrikste is.

Jesus het nooit vir die gewone mense gesê dat Hy die beloofde Messias is nie. Hy het gehoorsaam aan sy Vader sy werk as Verlosser gedoen. Hy het gepreek en mense van die koninkryk van God geleer. Met sy wonderwerke het Hy die heerskappy van God oor die hele skepping ten toon gestel. Uit sy werke en woorde wou die Here Jesus hê dat die mense moes agterkom wie Hy werklik is.

As Jesus dan hierdie vraag stel, is dit nie omdat Hy nie sou geweet het wat die mense oor Hom sê nie. Hy wil met hierdie vraag die dissipels daartoe lei om self te sê wie Hy vir hulle is. Jesus het ook nie die vraag gevra omdat Hy goed oor Homself wil voel nie. Hy het nie mense se opinies nodig om te weet wie Hy is of hoe belangrik Hy is nie. Met hierdie vraag oor wat die mense op straat van Hom dink, wil Hy hê die dissipels moet ook agterkom hoe belangrik dit is dat hulle reg oor Hom sal preek. Na sy hemelvaart sou die mense op aarde aanvanklik net die Ou Testament en die preke van die apostels hê waaruit hulle sou leer wie Jesus werklik is.

Op hierdie vraag van Jesus het die dissipels 'n klomp antwoorde gegee. Soveel mense as wat daar is, soveel opinies is daar. Maar ek en jy weet tog dat die waarheid nie so veelkleurig kan wees of soveel kante kan hê nie. Die waarheid is tog eenvoudig. Daar kan tog net een waarheid wees en nie verskillende waarhede nie. Die mense wat Jesus nie as die beloofde Messias herken nie, sal 'n magdom opinies oor Hom hê waarin hulle gaan verdwaal.

Dit word tog ook duidelik dat die mense, alhoewel hulle verskillende opinies oor Jesus het, hulle respek vir Hom het. Hy is vir hulle nie sommer 'n gewone mens nie. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het Jesus beskou as 'n suiplap wat saam met die sondaars rondrentel. Maar die gewone mense op straat het mooi dinge van Jesus gesê. Vir hulle was Hy 'n profeet, 'n wonderdoener en iemand wat die Here se Woord eenvoudig en duidelik verkondig het.

Ongelukkig het hierdie baie opinies oor Jesus op een groot fout berus. Uit sy onderrig en wonderwerke het die mense aangeneem dat Jesus 'n buitengewone mens is, maar hulle kon nie daarby uitkom dat Hy die beloofde Messias is nie. Die prentjie wat hulle van die beloofde Messias gehad het, het so gelyk: die Messias sou met krag en mag en die heerlijkheid van God kom om die Jode van die oorheersing van die Romeine te verlos. Die Messias sou al die heidene van die aarde af wegvee sodat net die Jode, die nageslag

van Abraham, rustig op die aarde kon lewe. Jesus se doodgewone voorkoms het gemaak dat hulle nie kon insien dat Hy werklik die Messias is nie.

Daarom het sommige gedink Hy is Johannes die Doper, so het Herodes self gesê. Nee, het ander gesê: Hy moet Elia wees, want die Here belowe dat Elia sal kom voordat die Here na sy tempel toe kom. Ander het weer gesê: Hy moet Jeremia wees of een van die ander profete, want luister net met hoeveel gesag Hy preek. Dit is inderdaad mooi en lofwaardige dinge wat die mense op straat van Jesus dink, maar dit is nie reg nie.

Geliefdes, die meeste van ons is seker al van kleins af gelowiges. Baie mense wat ons ken weet dat ons kerkmense is. Hulle weet ons aanbid vir Christus, en sy Vader is ook ons Vader. Maar wat sê hierdie mense met wie ons daaglik te doen kry van Jesus. Nou kan iemand sê: Maar ons is mos nie predikante nie en nog minder is ons apostels. Ja, dit is waar, almal van ons is nie predikers wat met woorde preek soos 'n apostel of 'n predikant nie. Maar aangesien ons Christene is, behoort ons lewens tog anders te wees as die mense wat Jesus nog nie ken as die enigste Verlosser nie. Uit ons lewens moes mense tog seker al agtergekome het wie Jesus is. As mense nie weet wie Hy is nie of as mense ook sulke verskillende opinies oor Hom het soos die mense met wie die dissipels te doen gehad het, moet ons onself ernstig afvra oor ons eie lewens. Weerspieël ons lewens dan niks van Jesus die Christus nie? Hoekom noem ons onself dan Christene?

Noudat die dissipels geleentheid gehad het om te sê wat ander mense van Jesus dink, rig Hy die vraag persoonlik tot hulle. Hulle behoort tog beter te weet, want hulle word nou al vir bykans drie jaar deur Jesus self onderrig. Aangesien hulle 24/7 in Jesus se geselskap is, moet hulle sekerlik ook 'n beter antwoord as die ander mense kan gee.

Dit gaan egter nie net daaroor dat hulle 'n beter antwoord moet kan gee omdat hulle so nou met Jesus saamleef nie. Jesus het hulle immers onderrig sodat hulle uiteindelik uitgestuur kan word om ander mense oor Jesus en die Vader en God se koninkryk te onderrig. Iemand wat ander mense oor die waarheid gaan onderrig, behoort tog 'n goeie begrip oor die waarheid te hê anders kan hy nie onderrig gee nie.

Hierdie vraag wat Jesus vir sy dissipels gevra het, word vandag nog vir elke persoon gevra wat van voorneme is om 'n predikant in die kerk van die Here te wees. Of ten minste in die Gereformeerde Kerke moet elke kandidaat wat aanmeld om beroepbaar gestel word as predikant, op hierdie vraag baie duidelik kan antwoord. Hoe kan iemand tog sê dat Hy 'n dienskneg en bedienaar van Christus is as hy niks weet van Jesus Christus nie of 'n verkeerde siening van Hom het.

Maar dit is nie net predikante wat op hierdie vraag moet antwoord nie. Geliefde broer, suster en kind, elkeen van ons behoort gereeld hierdie vraag vir onself te stel. Wie sê ons is Jesus? Wie is die Jesus in wie jy glo? Wat ook al my en jou opinie oor Jesus is, dit gaan bepaal of ons in 'n verhouding leef met die ware Jesus, die Jesus wat ons in die Bybel leer ken of nie. Ek raai u aan om weer ons belydenis van Atanasius te gaan deurlees. Ons bely daarin wie die Vader, die Seun en die Heilige Gees is en ons bely ook daarin dat Jesus die Seun van God is wat waarlik mens geword het. En dan sluit ons daardie belydenis van ons af met hierdie woorde: ***Wat ons aangaande God Drie-enig bely en aangaande Jesus bely, is die algemene geloof; en as iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie.***

Elke liewe mens wie se opinie oor Jesus nie ooreenstem met wat ons van Hom in die Bybel leer nie, ken nog nie vir Jesus nie. Hulle glo iemand wat nie waarlik die Verlosser is

nie. En so iemand is dan nog nie gered nie. Daarom sê ons weer: Mense kan die mooiste dinge oor Jesus sê, maar as hulle nie die regte dinge van Jesus vertel nie, praat hulle beslis nog nie die waarheid nie. Moet jou daarom nie laat flous deur alles wat Christelik en kerk genoem word nie.

Maar wat is die regte opinie oor Jesus? Wat is die enkelvoudige waarheid aangaande Jesus? Dit is die antwoord wat Petrus gee:

U is die Christus, die Seun van die lewende God (Matteus 16:16 AFR53)

Hierdie mens Jesus wat uit Maria gebore is en as 'n skrynerker se seun grootgeword het, is werklik die Christus, die beloofde Messias. Hy is waarlik die Seun van die lewende God wat mens geword het. Hy is die Messias, want God het Hom met die Heilige Gees gesalf tot Profeet, Priester en Koning.

Jesus is nie maar net een van die profete soos mense tot vandag toe te kenne wil gee nie. Hy is die Hoogste Profeet wat God se verlossing van sondaars aan ons kom preek het. Hy het die verlossing nie maar net gepreek nie, maar as ons enigste Hoëpriester het Hy ook die enigste offer gebring wat ons kan verlos, naamlik sy eie sterwe aan die kruis op Golgota. Wie vertrou dat Jesus Christus ook vir hom van al sy sondes geheel en al verlos het, het Jesus ook as die enigste Koning in sy lewe. Sy woord is wet in jou lewe. Die gelowiges wat hulleself kerk van Jesus Christus noem, het Hom alleen as Koning. Hy regeer hulle deur sy Woord en Gees en geen mens is baas van so 'n kerk nie.

Jesus is die Christus ons Verlosser, want Hy is die Seun van die lewende God. Hy is self God wat mens geword het. Jesus is nie maar net 'n verskynsel van iemand belangriks uit die verre verlede nie. Hy is nie die gees van 'n mens wat reeds gesterf het nie. Hy is die Seun van die lewende God wat self lewe tot in alle ewigheid.

Is dit hierdie Jesus wat jy aanbid en in wie jy ook glo? Salig is jy, want die Heilige Gees het jou dit geleer uit die Woord van die Here. Jy is dan gered. Weerspieël jou en my lewe hierdie belydenis? As ons sê: Jesus is die Christus, die Seun van die lewende God, behoort ons lewens ook sodanig te verander het. Ek en jy luister dan net vir Jesus, want Hy het ons verlos, ons behoort aan Hom en Hy regeer ons. As jou lewe dit weerspieël, sal die ander mense met wie ek en jy daagliks te doen kry ook begin om hulle opinie oor Jesus te verander. As Jesus vir jou die Christus is, die Seun van die lewende God, dan het jy die regte opinie van Jesus, dan het jy begin om die waarheid aangaande Jesus te begryp en te glo.

Amen!

Gebed

Psalm 118:11, 13 (p. 579)

- 11 Die steen waaraan die tempelbouers / veragt'lik het 'n plek ontsê,
is voor die oog van die beskouers / deur God as hoeksteen neergelê.
Die werk van godd'like alvermoë / is van God self geskied, deur wie
die wonder oprys voor ons oë; / ons sien dit, maar deurgrond dit nie.
- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof

Psalm 20:1, 2, 3, 4 (p. 90)

- 1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!
- 2 Mag Hy sy heil en bystand stuur / uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun, / van waar u hulp sal kom.
- 3 Mag Hy aan al u offers dink / van fynste spys, en nou
u offerbrand wat voor Hom geur, / met welgevalle^oaanskou!
- 4 Mag Hy, die ryke God, u gee / al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam – / mag u dié guns ontvang!

Skrifberyming 3-4:1, 2, 3

- 1 U, Christus, is my lewe, / die sterwe wins vir my.
In lewe en in sterwe / is ek aan U gewy.
- 2 As ek nog hier moet lewe, / beteken dit vir my
dat ek vir die gemeente / nog langer diensbaar bly.
- 3 Maar as ek nou moet sterwe / om by die Heer te wees –
Ook dit is my verlange, / ook dáártoe dring my gees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Februarie 2015